(ab) to work for a period of less than four hours on any day, he shall be deemed to have worked for four hours.

(2) *Basis of contract.*—For the purposes of this clause the contract of employment of an employee, other than a casual employee, shall be on a weekly basis, and, save as provided in clause 4 (6), he shall be paid in respect of a week not less than the full weekly wage prescribed in subclause (1), as read with the definition of "wage" in clause 2 and with subclause (3), for an employee of his class in the area in which he works, whether he has in that week worked the maximum number of ordinary hours of work applicable to him or less.

(3) *Differential wage.*—An employer who requires or permits a member of one class of his employees to perform for longer than one hour on any day, either in addition to his own work or in substitution therefor, work of another class for which—

(a) a wage higher than that of his own class is prescribed in subclause (1), shall pay to such employee in respect of that day, not less than the daily wage calculated at the higher rate; or

(b) a rising scale of wages terminating in a wage higher than that of his own class is prescribed in subclause (1), shall pay to such employee in respect of that day not less than the daily wage calculated on the notch in the rising scale immediately above the wage which the employee was receiving for his ordinary work:

Provided that—

(i) this subclause shall not apply where the difference between classes in terms of subclause (1) is based on experience;

(ii) unless expressly otherwise provided in a written contract between an employer and his employee, nothing in this determination shall be so construed as to preclude an employer from requiring his employee to perform work of another class for which class the same or a lower wage is prescribed than that prescribed for such employee.

(c) *Groepleiers of spanleiers.*—'n Werknemer van wie vereis word om die pligte van 'n groepleier of spanleier uit te voer, moet terwyl hy aldus in diens is, 'n addisionele bedrag van minstens 10 persent betaal word van die loon wat in paragraaf (b) vir 'n gekwalifiseerde werknemer van sy klas voorgeskryf word.

(d) *Los werknemers.*—Behoudens die voorbehoudsbepaling van paragraaf (a), moet 'n werkgewer 'n los werknemer ten opsigte van elke uur of gedeelte van 'n uur (uitgesonderd oortyd) wat hy op enige dag behalwe 'n betaalde vakansiedag of 'n Sondag werk, minstens die uurloon betaal wat by paragraaf (b), gelees met klousule 2 (82), voorgeskryf word vir 'n gewone werknemer wat in dieselfde gebied dieselfde klas verrig as dié wat van die los werknemer vereis word, plus 15 persent, of hom minstens die uurloon of uurlikse ekwivalent van die loon betaal wat werklik aan die gewone werknemer betaal word, watter bedrag ook al die grootste is: Met dien verstande dat—

(i) by die toepassing van hierdie paragraaf die uitdrukking "die gewone werknemer" die werknemer beteken wat die betrokke klas werk in die werkgewer se voltydse diens verrig en aan wie die laagste loon vir daardie klas werk betaal word;

(ii) waar die werkgewer van die los werknemer vereis—

(aa) om die werk Ü (aa) om die werk te verrig van 'n klas werknemer vir wie 'n loon teen 'n stygende skaal voorgeskryf word, die uitdrukking "uurloon" die uurloon beteken wat vir 'n gekwalifiseerde werknemer van daardie klas voorgeskryf word;

(ab) om vir 'n tydperk van minder as vier uur op enige dag te werk, hy geag word vier uur lank te gewerk het.

(2) *Kontrakgrondslag.*—By die toepassing van hierdie klousule moet die dienskontrak van 'n werknemer, uitgesonderd 'n los werknemer, op 'n weeklikse grondslag berus en, behoudens klousule 4 (6), moet hy ten opsigte van 'n week minstens die volle weekloon betaal word wat by subklousule (1), gelees met die omskrywing van "loon" in klousule 2 en met subklousule (3), voorgeskryf word vir 'n werknemer van sy klas in die gebied waarin hy werk, afgesien daarvan of hy in daardie week die maksimum getal gewone werkure wat vir hom geld, of minder, gewerk het.

(3) *Differensiële loon.*—'n Werkgewer wat van 'n lid van een klas van sy werknemers vereis of hom toelaat om langer as een uur op enige dag òf benewens sy eie werk òf in die plek daarvan werk van 'n ander klas te verrig waarvoor—

(a) 'n hoër loon as dié van sy eie klas by subklousule (1) voorgeskryf word, moet ten opsigte van daardie dag aan sodanige werknemer minstens die dagloon bereken teen die hoër tarief, betaal;

(b) 'n stygende loonskaal wat uitloop op 'n hoër loon as dié van sy eie klas, by subklousule (1) voorgeskryf word, moet ten opsigte van daardie dag aan sodanige werknemer minstens die dagloon betaal, bereken op die kerf in die stygende skaal onmiddellik bokant die loon wat die werknemer vir sy gewone werk ontvang het:

Met dien verstande dat—

(i) hierdie subklousule nie geld nie wanneer die verskil tussen die klasse ingevolge subklousule (1) op ondervinding berus;

(ii) tensy daar in 'n skriftelike kontrak tussen 'n werkgewer en sy werknemer uitdruklik anders bepaal word, niks in hierdie vasstelling so uitgelê mag word nie dat dit 'n werkgewer belet om van sy werknemer te vereis om werk van 'n ander klas te verrig vir welke klas dieselfde of 'n laer loon voorgeskryf word as dié wat vir sodanige werknemer voorgeskryf word.

(4) *Calculation of wages.*—The hourly, daily or monthly wage of an employee shall be calculated as indicated in the definitions of these expressions in clause 2.

(5) *Transport expenses and allowances.*—In addition to paying any other remuneration due to—

(a) an employee who uses his employer's motor vehicle or who is required to travel by train or by any means of conveyance other than his own, his employer shall reimburse him all reasonable expenses incurred by him in connection with such transport in the performance of his duties, and for the purposes of this subclause the cost of overnight garaging of a motor vehicle shall be deemed to be a transport expense;

(b) an employee who is required to provide a motor vehicle for the performance of his duties, his employer shall pay him for each kilometre travelled in the performance of his duties a transport allowance of not less than—

(i) 47 cents if the engine capacity of the vehicle does not exceed 1 300 $cm^3$;

(ii) 53 cents if the engine capacity of the vehicle exceeds 1 300 $cm^3$ but not 1 800 $cm^3$;

(iii) 60 cents if the engine capacity of the vehicle exceeds 1 800 $cm^3$ but not 2 500 $cm^3$;

(iv) 73 cents if the engine capacity of the vehicle exceeds 2 500 $cm^3$.

(6) *Subsistence expenses and allowances.*—(a) In addition to the payment of any other remuneration due to an employee who, in the performance of his duties, is absent from his place of residence and the employer's establishment, an employer shall, in the case of—

(i) *a driver*—pay him a subsistence allowance of not less than R5 per night and R4,50 per meal-time, not exceeding three per day, where such absence extends over one or more nights: Provided that where the employer provides a bed the first allowance may be reduced by not more than R1 per night;

(ii) *an employee accompanying a driver*—pay him a subsistence allowance of not less than R2,50 per night and R4,50 per meal-time, not exceeding three per day, where such absence extends over one or more nights;

(iii) *an artisan, a qualified clerk, a dyer, a mechanic, a foreman, a forewoman, or a travelling representative*—

(aa) reimburse him all reasonable expenses incurred for meals, tea, coffee or similar beverages where such absence exceeds six consecutive hours but does not extend over a night; or

(ab) reimburse him all reasonable expenses incurred for accommodation as well as meals, tea, coffee or similar beverages, or pay him a subsistence allowance of not less than R45 per night, whichever is the greater amount, where such absence extends over one or more nights;

(iv) *any other employee*—

(aa) reimburse him all reasonable expenses incurred for meals, tea, coffee or similar beverages where such absence exceeds six consecutive hours but does not extend over a night; or

(ab) reimburse him all reasonable expenses incurred for accommodation as well as meals, tea, coffee or similar beverages, or pay him a subsistence allowance of not less than R30 per night, whichever is the greater amount, where such absence extends over one or more nights.

(b) For the purposes of this subclause the expression "night" means the period from 23:00 to 04:00.

(7) *Payment of transport and subsistence expenses and allowances.*—(a) An employer shall pay any expenses and allowances payable to an employee in terms of subclauses (5) and (6) within seven days of the employee's written claim therefor: Provided that an employee shall submit any such claim within one month of entitlement and shall not submit more than one claim in any one week.

(4) *Loonberekening.*—Die uurloon, dagloon of maandloon van 'n werknemer moet bereken word soos aangedui in die omskrywings van hierdie uitdrukkings in klousule 2.

(5) *Vervoeruitgawes en -toelaes.*—Benewens die betaling van enige ander besoldiging verskuldig aan—

(a) 'n werknemer wat van sy werkgewer se motorvoertuig gebruik maak of van wie vereis word om per trein of met enige ander vervoermiddel as sy eie te reis, moet sy werkgewer hom vergoed vir alle redelike uitgawes wat hy in verband met sodanige vervoer in die uitvoering van sy pligte aangegaan het, en by die toepassing van hierdie subklousule word die koste verbonde aan die oornagstalling van 'n motorvoertuig geag 'n vervoeruitgawe te wees;

(b) 'n werknemer van wie vereis word om 'n motorvoertuig vir die uitvoering van sy pligte te verskaf, moet sy werkgewer hom vir elke kilometer wat hy in die uitvoering van sy pligte afgelê het, 'n vervoertoelae betaal van minstens—

(i) 47 sent indien die enjinkapasiteit van die voertuig hoogstens 1 300 $cm^3$ is;

(ii) 53 sent indien die enjinkapasiteit van die voertuig meer as 1 300 $cm^3$ maar hoogstens 1 800 $cm^3$ is;

(iii) 60 sent indien die enjinkapasiteit van die voertuig meer as 1 800 $cm^3$ maar hoogstens 2 500 $cm^3$ is;

(iv) 73 sent indien die enjinkapasiteit van die voertuig meer as 2 500 $cm^3$ is.

(6) *Onderhoudsuitgawes en -toelaes.*—(a) Benewens die betaling van enige ander besoldiging verskuldig aan 'n werknemer wat in die uitvoering van sy pligte van sy woonplek en die werkgewer se bedryfsinrigting afwesig is, moet 'n werkgewer, in die geval van—

(i) *'n drywer*—hom 'n onderhoudstoelae betaal van minstens R5 per nag en R4,50 per maaltyd, hoogstens drie per dag, waar sodanige afwesigheid oor een of meer nagte strek: Met dien verstande dat waar die werkgewer 'n bed verskaf, die eerste toelae met hoogstens R1 per nag verminder kan word;

(ii) *'n werknemer wat 'n drywer vergesel*—hom 'n onderhoudstoelae betaal van minstens R2,50 per nag en R4,50 per maaltyd, hoogstens drie per dag, waar sodanige afwesigheid oor een of meer nagte strek;

(iii) *'n ambagsman, 'n gekwalifiseerde klerk, 'n kleurder, 'n werktuigkundige, 'n voorman, 'n voorvrou of 'n reisende verteenwoordiger*—

(aa) hom vergoed vir alle redelike uitgawes aangegaan vir etes, tee, koffie of soortgelyke dranke, waar sodanige afwesigheid langer as ses agtereenvolgende uur duur maar nie oor 'n nag strek nie; of

(ab) hom vergoed vir alle redelike uitgawes aangegaan vir verblyf sowel as etes, tee, koffie of soortgelyke dranke, of hom 'n onderhoudstoelae van minstens R45 per nag betaal, watter bedrag ook al die grootste is, waar sodanige afwesigheid oor een of meer nagte strek;

(iv) *enige ander werknemer*—

(aa) hom vergoed vir alle redelike uitgawes aangegaan vir etes, tee, koffie of soortgelyke dranke, waar sodanige afwesigheid langer as ses agtereenvolgende uur duur maar nie oor 'n nag strek nie; of

(ab) hom vergoed vir alle redelike uitgawes aangegaan vir verblyf sowel as etes, tee, koffie of soortgelyke dranke, of hom 'n onderhoudstoelae van minstens R30 per nag betaal, watter bedrag ook al die grootste is, waar sodanige afwesigheid oor een of meer nagte strek.

(b) By die toepassing van hierdie subklousule beteken die uitdrukking "nag" die tydperk van 23:00 tot 04:00.

(7) *Betaling van vervoer- en onderhoudsuitgawes en -toelaes.*—(a) 'n Werkgewer moet enige uitgawes en toelaes wat ingevolge subklousules (5) en (6) aan 'n werknemer betaalbaar is, binne sewe dae nadat die werknemer dit skriftelik geëis het, aan hom betaal: Met dien verstande dat 'n werknemer so 'n eis binne een maand nadat hy daarop geregtig geword het, moet indien en dat hy nie meer as een eis in 'n week mag indien nie.

(b) An employer may require his employee to frame any claim so that it shall reflect in the case of any claim in terms of—

(i) subclause (5) (a), the mode of transport employed and the transport expenses incurred or the nature of any other expenses for which re-imbursement is claimed;

(ii) subclause (5) (b), the distance travelled each day, the points of call and, except in municipal areas, the route followed;

(iii) subclause (6), the time of commencement and ending of each period of absence,

and to enable his employee to comply with such a requirement, the employer shall, before any such journey is undertaken by an employee referred to in subclauses (5) and (6), provide him with a suitable book or forms in or on which to keep the appropriate records: Provided that if an employee is unable to write, his employer shall cause him to be assisted in the framing of his claim.

### 4. PAYMENT OF REMUNERATION

(1) *Employees, other than casual employees.*—Save as provided in clauses 3 (7) and 6 (5) and (6) any amount due to an employee, other than a casual employee, shall be paid weekly, fortnightly or monthly in cash, or, with the consent of the employee by cheque during his ordinary hours of work, or within 15 minutes thereafter on the usual pay-day of the establishment for such employee (or in the case of a shift worker at a time agreed upon between such employee and his employer, which time shall be during the usual office hours of the establishment but not later than 24 hours after the usual pay-day) or on termination of employment if this takes place before the usual pay-day, and such amount shall be contained in a sealed envelope or container on which shall be recorded or which shall be accompanied by a statement showing—

(a) the employer's name;

(b) the employee's name or his number on the pay-roll and his class;

(c) the period in respect of which payment is made;

(d) the number of ordinary hours of work worked by the employee during that period;

(e) the number of overtime hours worked by the employee during that period;

(f) the number of hours worked by the employee on a paid holiday or on a Sunday;

(g) the employee's wage;

(h) details of any other remuneration arising out of the employee's employment;

(i) details of any deductions made; and

(j) the net amount paid to the employee,

and such envelope or container on which these particulars are recorded or such statement shall become the property of the employee: Provided that—

(i) the particulars prescribed above may be recorded on such envelope or container or in such statement in code which code shall be fully set out and explained in an accompanying notice or in a notice kept posted in some conspicuous place in the establishment, accessible to all employees affected thereby;

(ii) at the employee's written request the amount due to him may be paid into his building society or bank account by his employer who shall however hand to him the aforementioned statement;

(iii) the information relating to paragraphs (d), (e) and (f) need not be furnished in respect of an employee referred to in clause 5 (7) (a).

(2) *Casual employees.*—An employer shall pay the remuneration due to a casual employee in cash on termination of his employment, but at least once a week.

(b) 'n Werkgewer kan van sy werknemer vereis om 'n eis so op te stel dat dit 'n weergawe bied van, in die geval van 'n eis ingevolge—

(i) subklousule (5) (a), die soort vervoer wat gebruik is en die vervoeruitgawes wat aangegaan is of die aard van enige ander uitgawes waarvoor vergoeding geëis word;

(ii) subklousule (5) (b), die afstand wat elke dag afgelê is, die plekke wat besoek is en, uitgesonderd in munisipale gebiede, die roete wat gevolg is;

(iii) subklousule (6), die tyd waarop elke tydperk van afwesigheid begin en geëindig het,

en ten einde sy werknemer in staat te stel om aan so 'n vereiste te voldoen, moet die werkgewer, voordat so 'n reis deur 'n werknemer bedoel in subklousules (5) en (6) onderneem word, aan hom 'n geskikte boek of vorms verskaf waarin of waarop die gepaste aantekeninge gehou kan word: Met dien verstande dat indien 'n werknemer nie kan skryf nie, sy werkgewer moet toesien dat hy bygestaan word met die opstelling van sy eis.

### 4. BETALING VAN BESOLDIGING

(1) *Werknemers, uitgesonderd los werknemers.*—Behoudens klousules 3 (7) en 6 (5) en (6), moet enige bedrag verskuldig aan 'n werknemer, uitgesonderd 'n los werknemer, weekliks, tweeweekliks of maandeliks in kontant of, met die toestemming van die werknemer, per tjek betaal word gedurende sy gewone werkure, of binne 15 minute daarna, op die gewone betaaldag van die bedryfsinrigting vir sodanige werknemer (of, in die geval van 'n skofwerker, op 'n tyd waaroor sodanige werknemer en sy werkgewer ooreengekom het en wat gedurende die gewone kantoorure van die bedryfsinrigting moet wees, maar nie later nie as 24 uur na die gewone betaaldag) of by diensbeëindiging, indien dit voor die gewone betaaldag geskied, en sodanige bedrag moet in 'n verseëlde koevert of houer wees waarop of wat vergesel gaan van 'n staat waarop die volgende gemeld word:

(a) Die werkgewer se naam;

(b) die werknemer se naam of sy nommer op die betaalstaat en sy klas;

(c) die tydperk waarvoor die betaling geskied;

(d) die getal gewone werkure wat die werknemer gedurende daardie tydperk gewerk het;

(e) die getal ure wat die werknemer gedurende daardie tydperk oortyd gewerk het;

(f) die getal ure wat die werknemer op 'n betaalde vakansiedag of op 'n Sondag gewerk het;

(g) die werknemer se loon;

(h) besonderhede van enige ander besoldiging wat uit die werknemer se diens voortspruit;

(i) besonderhede van enige bedrae wat afgetrek is; en

(j) die netto bedrag wat aan die werknemer betaal word,

en sodanige koevert of houer waarop hierdie besonderhede aangeteken is of sodanige staat word die eiendom van die werknemer: Met dien verstande dat—

(i) die besonderhede hierbo voorgeskryf, in kodevorm op sodanige koevert of houer of in sodanige staat aangeteken kan word, welke kode volledig uiteengesit en verduidelik moet word in 'n bygaande kennisgewing of in 'n kennisgewing wat opgeplak gehou moet word op 'n opvallende plek in die bedryfsinrigting wat toegangklik is vir alle werknemers wat daardeur geraak word;

(ii) op die werknemer se skriftelike versoek die bedrag aan hom verskuldig, gestort kan word op sy bouvereniging- of bankrekening deur sy werkgewer, wat egter voornoemde staat aan hom moet oorhandig;

(iii) die inligting met betrekking tot paragrawe (d), (e) en (f) nie verstrek hoef te word ten opsigte van 'n werknemer bedoel in klousule 5 (7) (a) nie.

(2) *Los werknemers.*—'n Werkgewer moet die besoldiging wat aan 'n los werknemer verskuldig is, by die beëindiging van sy diens, maar minstens een maal per week in kontant aan hom betaal.

(3) *Premiums.*—Subject to any other law no payment by or on behalf of an employee shall be accepted by an employer, either directly or indirectly, in respect of the employment or training of that employee.

(4) *Purchase of goods.*—An employer shall not require his employee to purchase any goods from him or from any shop, place or person nominated by him.

(5) *Accommodation, meals and rations.*—Subject to any other law, an employer shall not require his employee to accept accommodation, meals or rations from him or from any person or at any place nominated by him.

(6) *Deductions.*—An employer shall not levy any fines against his employee nor make any deductions from his employee's remuneration other than the following:

(a) With the written consent of the employee, a deduction for any holiday, sick, medical, insurance, savings, provident or pension fund, or in respect of subscriptions to a trade union;

(b) except where otherwise provided in this determination, whenever an employee is absent from work, other than at the instance of his employer, a deduction proportionate to the period of his absence and calculated on the basis of the wage which such employee was receiving in respect of his ordinary hours of work at the time of such absence;

(c) a deduction of any amount which an employer by law or order of any competent court is required or permitted to make;

(d) a deduction of an amount not exceeding 60 cents in respect of each meal supplied by an employer to his employee: Provided that such deduction shall not exceed R3,00 in any week;

(e) whenever the ordinary hours of work are reduced because of short-time, a deduction not exceeding the amount of the employee's (other than a casual employee's) hourly wage in respect of each hour of such reduction: Provided that—

(i) such deduction shall not exceed one third of the employee's weekly wage, irrespective of the number of hours by which the ordinary hours of work are thus reduced;

(ii) no deduction shall be made in the case of short-time arising from slackness of business or a shortage of raw materials or packing material unless the employer has given his employee notice on the previous work-day of his intention to reduce the ordinary hours of work;

(iii) no deduction shall be made in the case of short-time owing to vagaries of the weather or a breakdown of plant or machinery or a breakdown or threatened breakdown of buildings, in respect of the first hour not worked, unless the employer has given his employee notice on the previous day that no work will be available;

(f) with the written consent of an employee, a deduction of any amount which the employer has paid or has undertaken to pay to—

(i) any banking institution, building society, insurance business, registered financial institution, local authority or the State in respect of a payment on a loan granted to such employee to acquire a dwelling;

(ii) any organisation or body in respect of the rent of a dwelling or accommodation in a hostel occupied by such employee if such dwelling or hostel is provided through the instrumentality of such organisation or body wholly or partly from funds advanced for that purpose by the State or a body referred to in subparagraph (i) above;

(3) *Premies.*—Behoudens enige ander wet, mag geen betaling deur of ten behoewe van 'n werknemer deur 'n werkgewer, hetsy regstreeks of onregstreeks, aangeneem word ten opsigte van die indiensneming of opleiding van daardie werknemer nie.

(4) *Koop van goedere.*—'n Werkgewer mag nie van sy werknemer vereis om enige goedere van hom of by enige winkel, plek of persoon deur hom aangewys, te koop nie.

(5) *Huisvesting, etes en rantsoene.*—Behoudens enige ander wet, mag 'n werkgewer nie van sy werknemer vereis om huisvesting, etes of rantsoene van hom, of van 'n persoon of op 'n plek deur hom aangewys, aan te neem nie.

(6) *Aftrekkings.*—'n Werkgewer mag sy werknemer geen boetes oplê nie en mag ook nie enige bedrae van sy werknemer se besoldiging aftrek nie, uitgesonderd die volgende:

(a) Met die skriftelike toestemming van die werknemer, 'n bedrag vir 'n vakansie-, sieke-, mediese, versekerings-, spaar-, voorsorg- of pensioenfonds of ten opsigte van ledegeld aan 'n vakvereniging;

(b) behoudens andersluidende bepalings in hierdie vasstelling, telkens wanneer 'n werknemer om 'n ander rede as op las of versoek van sy werkgewer van sy werk afwesig is, 'n bedrag eweredig aan die tydperk van sy afwesigheid en bereken op die grondslag van die loon wat sodanige werknemer ten tyde van sodanige afwesigheid ten opsigte van sy gewone werkure ontvang het;

(c) enige bedrag wat 'n werkgewer by wet of kragtens 'n bevel van 'n bevoegde hof moet of kan aftrek;

(d) 'n bedrag van hoogstens 60 sent ten opsigte van elke ete deur 'n werkgewer aan sy werknemer verskaf: Met dien verstande dat sodanige aftrekking hoogstens R3,00 in 'n week mag wees;

(e) wanneer die gewone werkure weens korttyd verminder word, 'n bedrag van hoogstens die werknemer (uitgesonderd 'n los werknemer) se uurloon ten opsigte van elke uur van sodanige vermindering: Met dien verstande dat—

(i) sodanige aftrekking hoogstens een derde van die werknemer se weekloon is, ongeag die getal ure waarmee die gewone werkure aldus verminder word;

(ii) geen aftrekking in die geval van korttyd wat deur 'n handelslapte of 'n tekort aan grondstowwe of verpakkingsmateriaal ontstaan, geskied nie tensy die werkgewer sy werknemer op die vorige werkdag kennis gegee het van sy voorneme om die gewone werkure te verminder;

(iii) geen aftrekking geskied nie in die geval van korttyd ten opsigte van die eerste uur waarin daar nie gewerk word nie, weens die wisselvalligheid van die weer of die onklaarraking van 'n installasie of masjinerie of die feit dat die geboue onbruikbaar is of dreig om onbruikbaar te word, tensy die werkgewer sy werknemer op die vorige dag kennis gegee het dat daar geen werk sal wees nie;

(f) met die skriftelike toestemming van 'n werknemer, enige bedrag wat die werkgewer betaal het of onderneem het om te betaal aan—

(i) enige bankinstelling, bouvereniging, versekeringsonderneming, geregistreerde finansiële instelling, plaaslike owerheid of die Staat ten opsigte van 'n betaling op 'n lening aan sodanige werknemer toegestaan om 'n woning te bekom;

(ii) enige organisasie of liggaam ten opsigte van die huur van 'n woning of huisvesting in 'n hostel waarin sodanige werknemer woon, indien sodanige woning of hostel deur bemiddeling van sodanige organisasie of liggaam voorsien is geheel of gedeeltelik uit fondse vir daardie doel voorgeskiet deur die Staat of 'n liggaam bedoel in subparagraaf (i) hierbo;

(g) with the written consent of an employee, a deduction towards the repayment of any amount loaned or advanced to him by the employer: Provided that any such deduction shall not exceed one third of the total remuneration due to the employee on the pay-day concerned: Provided further that no such deduction shall be made in respect of any period during which the employee's wage is reduced in terms of paragraph (e).

**5. ORDINARY HOURS OF WORK, OVERTIME AND PAYMENT FOR OVERTIME**

(1) *Ordinary hours of work.*—An employer shall not require or permit an employee to work more ordinary hours of work than, in the case of—

(a) *a casual employee* in an establishment in which the employees normally work on—

(i) not more than five days in a week, nine on any day;

(ii) more than five days in a week, eight and a half on any day:

Provided that if such employee performs the duties of a security guard or a watchman he may, in the case of subparagraph (i), work not more than 12 ordinary hours and, in the case of subparagraph (ii), not more than 10 ordinary hours on any day.

(b) *a security guard or a watchman*—

(i) 60 in any week from Monday to Saturday, inclusive; and

(ii) subject to subparagraph (i), in the case of an employee who normally works on—

(aa) not more than five days in a week, 12 on any day;

(ab) more than five days in a week, 10 on any day;

(c) *any other class of employee*—

(i) 45 in any week from Monday to Saturday, inclusive; and

(ii) subject to subparagraph (i), in the case of an employee who normally works on—

(aa) not more than five days in a week, nine on any day;

(ab) more than five days in a week, eight on any day, unless the hours on one day do not exceed five, in which case the hours on any of the other days may be extended to eight and a half.

(2) *Meal intervals.*—An employer shall not require or permit an employee to work for more than five hours continuously without a meal interval of not less than one hour, during which interval such employee shall not be required or permitted to perform any work, and such interval shall not form part of the ordinary hours of work or overtime: Provided that—

(a) such interval may be reduced to not less than half an hour by written mutual agreement between an employer and his employee;

(b) periods of work interrupted by intervals of less than one hour, except when proviso (a) or (e) applies, shall be deemed to be continuous;

(c) if such interval is longer than one hour any period in excess of one and one quarter hours shall be deemed to be time worked;

(d) only one such interval during the ordinary hours of work of an employee on any day shall not form part of the ordinary hours of work;

(e) when on any day by reason of overtime worked an employer is required to give an employee a second meal interval, such interval may be reduced to not less than 15 minutes;

(g) met die skriftelike toestemming van 'n werknemer, 'n bedrag ter terugbetaling van enige bedrag wat die werkgewer aan hom geleen of voorgeskiet het: Met dien verstande dat so 'n aftrekking hoogstens een derde van die totale besoldiging is wat op die betrokke betaaldag aan die werknemer verskuldig is: Met dien verstande voorts dat geen sodanige aftrekking geskied nie ten opsigte van enige tydperk waartydens die werknemer se loon ingevolge paragraaf (e) verminder word.

**5. GEWONE WERKURE, OORTYD EN BETALING VIR OORTYD**

(1) *Gewone werkure.*—'n Werkgewer mag nie van 'n werknemer vereis of hom toelaat om meer gewone werkure te werk nie as, in die geval van—

(a) *'n los werknemer* in 'n bedryfsinrigting waarin die werknemers gewoonlik op—

(i) hoogstens vyf dae in 'n week werk, nege op 'n dag;

(ii) meer as vyf dae in 'n week werk, agt en 'n half op 'n dag:

Met dien verstande dat indien sodanige werknemer die pligte van 'n sekuritietswag of 'n wag verrig, hy in die geval van subparagraaf (i) hoogstens 12 gewone werkure en in die geval van subparagraaf (ii) hoogstens 10 gewone werkure op 'n dag mag werk;

(b) *'n sekuriteitswag of 'n wag*—

(i) 60 in 'n week van Maandag tot en met Saterdag; en

(ii) behoudens subparagraaf (i), in die geval van 'n werknemer wat gewoonlik op—

(aa) hoogstens vyf dae in 'n week werk, 12 op 'n dag;

(ab) meer as vyf dae in 'n week werk, 10 op 'n dag;

(c) *enige ander klas werknemer*—

(i) 45 in 'n week van Maandag tot en met Saterdag; en

(ii) behoudens subparagraaf (i), in die geval van 'n werknemer wat gewoonlik op—

(aa) hoogstens vyf dae in 'n week werk, nege op 'n dag;

(ab) meer as vyf dae in 'n week werk, agt op 'n dag, tensy die ure op een dag hoogstens vyf is, in welke geval die ure op enige van die ander dae tot agt en 'n half verleng kan word.

(2) *Etenspouses.*—'n Werkgewer mag nie van 'n werknemer vereis of hom toelaat om onafgebroke meer as vyf uur sonder 'n etenspouse van minstens een uur te werk nie, en gedurende sodanige pouse mag daar nie van sodanige werknemer vereis word of mag hy nie toegelaat word om enige werk te verrig nie, en sodanige pouse maak nie deel van die gewone werkure of oortyd uit nie: Met dien verstande dat—

(a) sodanige pouse by skriftelike onderlinge ooreenkoms tussen 'n werkgewer en sy werknemer tot minstens 'n half uur verkort kan word;

(b) werktydperke wat deur pouses van minder as een uur onderbreek word, uitgesonderd wanneer voorbehoudsbepaling (a) of (e) van toepassing is, geag word onafgebroke te wees;

(c) indien sodanige pouse langer as een uur duur, enige tydperk langer as een en 'n kwart uur geag word werktyd te wees;

(d) slegs een sodanige pouse gedurende 'n werknemer se gewone werkure op 'n dag nie deel van die gewone werkure mag uitmaak nie;

(e) wanneer daar op enige dag vanweë oortydwerk van 'n werkgewer vereis word om 'n tweede etenspouse aan 'n werknemer toe te staan, sodanige pouse tot minstens 15 minute verkort kan word;

(f) a driver who during such interval does no work other than being or remaining in charge of the vehicle or its load shall for the purposes of this subclause be deemed not to have worked during such interval;

(g) such interval need not be granted to a shift worker during his ordinary hours of work on any shift if he is given the opportunity during such hours of having a meal while at his post, unless this is prohibited in terms of any law.

(3) *Rest intervals.*—An employer shall grant to each of his employees a rest interval of not less than 10 minutes as nearly as practicable in the middle of each first work period and second work period of the day, and during such interval such employee shall not be required or permitted to perform any work, and such interval shall be deemed to be part of the ordinary hours of work of such employee: Provided that where an employer grants his employee a rest interval of not less than 20 minutes during each morning work period, the afternoon rest interval may be dispensed with.

(4) *Hours of work to be consecutive.*—Save as provided in subclause (2) and (3), all hours of work of an employee on any day shall be consecutive.

(5) *Limitation of overtime.*—An employer shall not require or permit an employee to work overtime otherwise than in terms of an agreement concluded by him with the employee and such overtime shall not exceed, in the case of—

(a) a casual employee, three hours on any day;

(b) a security guard or a watchman, 12 hours in any week;

(c) any other class of employee, 10 hours in any week:

Provided that this limitation shall not apply in respect of a driver or an employee providing assistance on or accompanying a motor vehicle driven over a distance of more than 480 km in one direction from the point of departure to the destination if the ordinary hours of work of such driver or other member of the vehicle staff, together with any overtime worked, do not exceed 14 hours on any day.

(6) *Payment for overtime.*—(a) An employer shall pay an employee, other than a casual employee, who works overtime, at a rate of not less than—

(i) one and a third times his hourly wage in respect of the total period not exceeding 10 hours in any week so worked by the employee;

(ii) one and a half times his hourly wage in respect of the hours in excess of 10 hours in any week so worked by the employee.

(b) An employer shall pay a *casual employee* who works overtime at a rate of not less than one and a third times his hourly wage in respect of the period so worked on any day.

(7) *Savings.*—(a) This clause shall not apply to—

(i) a travelling representative or a travelling representative's assistant;

(ii) any other class of employee who is in receipt of a regular annual wage of not less than the remuneration stipulated in a current exemption published in terms of section 34 (1) of the Basic Conditions of Employment Act, 1983 (Act No. 3 of 1983), for the area in which he is employed.

(f) 'n drywer wat gedurende sodanige pouse geen ander werk verrig as om in beheer van die voertuig of die vrag daarvan te wees of te bly nie, by die toepassing van hierdie subklousule geag word nie gedurende sodanige pouse te gewerk het nie;

(g) sodanige pouse nie aan 'n skofwerker gedurende sy gewone werkure in enige skof toegestaan hoef te word nie, indien aan hom gedurende sodanige ure die geleentheid verskaf word om 'n ete te nuttig terwyl hy op sy pos bly, tensy dit ingevolge enige wet verbied word.

(3) *Ruspouses.*—'n Werkgewer moet aan elkeen van sy werknemers 'n ruspouse van minstens 10 minute toestaan so na doenlik aan die middel van elke eerste werktydperk en tweede werktydperk van die dag, en gedurende sodanige pouse mag daar nie van sodanige werknemer vereis word of mag hy nie toegelaat word om enige werk te verrig nie, en sodanige pouse word geag deel van die gewone werkure van sodanige werknemer uit te maak: Met dien verstande dat, waar 'n werkgewer 'n ruspouse van minstens 20 minute gedurende elke voormiddag werktydperk aan sy werknemer toestaan, die namiddagpouse agterweë gelaat kan word.

(4) *Werkure moet agtereenvolgend wees.*—Behoudens subklousules (2) en (3), moet alle werkure van 'n werknemer op 'n dag agtereenvolgend wees.

(5) *Beperking van oortyd.*—'n Werkgewer mag nie van 'n werknemer vereis of hom toelaat om oortyd te werk nie behalwe ingevolge 'n ooreenkoms wat hy, met die werknemer aangegaan het, en sodanige oortyd mag, in die geval van—

(a) 'n los werknemer, hoogstens drie uur op 'n dag wees;

(b) 'n sekuriteitswag of 'n wag, hoogstens 12 uur in 'n week wees;

(c) enige ander klas werknemer, hoogstens 10 uur in 'n week wees:

Met dien verstande dat hierdie beperking nie ten opsigte van 'n drywer of 'n werknemer wat bystand verleen of saamry op 'n motorvoertuig wat 'n afstand van meer as 480 km in een rigting vanaf die vertrekpunt tot by die bestemming aflê, van toepassing is nie indien die gewone werkure van sodanige drywer of ander lid van die voertuigpersoneel, tesame met enige oortyd gewerk, hoogstens 14 uur op 'n dag is.

(6) *Betaling vir oortyd.*—(a) 'n Werkgewer moet 'n werknemer, uitgesonderd 'n los werknemer, wat oortyd werk, betaal teen 'n tarief van minstens—

(i) een en 'n derde maal sy uurloon ten opsigte van die totale tydperk van hoogstens 10 uur in 'n week aldus deur die werknemer gewerk;

(ii) een en 'n half maal sy uurloon ten opsigte van die ure meer as 10 uur in 'n week aldus deur die werknemer gewerk.

(b) 'n Werkgewer moet 'n *los werknemer* wat oortyd werk, betaal teen 'n tarief van minstens een en 'n derde maal sy uurloon ten opsigte van die tydperk aldus op 'n dag gewerk.

(7) *Voorbehoudsbepalings.*—(a) Hierdie klousule is nie van toepassing nie op—

(i) 'n reisende verteenwoordiger of 'n reisende verteenwoordiger se assistent;

(ii) enige ander klas werknemer wat 'n gereelde jaarlikse loon ontvang van minstens die beloning wat bepaal is in 'n bestaande vrystelling gepubliseer kragtens artikel 34 (1) van die Wet op Basiese Diensvoorwaardes, 1983 (Wet No. 3 van 1983), vir die gebied waarin hy werksaam is.

(b) Subclauses (2), (3), (4) and (5) shall not apply to an employee while he is engaged on emergency work.

(c) Subclauses (2) and (3) shall not apply to a security guard or a watchman: Provided that if a meal interval is granted to such an employee the time taken up by such interval shall be deemed to be time during which he worked.

(d) Subclause (3) shall not apply to a driver or an employee who assists such driver on the vehicle.

(e) Subclauses (2), (3), (4), (5) and (6) shall not apply to an employee who is remunerated according to an agreement under clause 9 (2).

### 6. ANNUAL LEAVE

(1) Subject to subclause (3), an employer shall grant to his employee, other than a casual employee, and the employee shall take, in respect of each completed period of 12 months of employment with the employer, leave as follows—

(a) *a travelling representative and a travelling representative's assistant* who in the performance of his duties has been absent from his place of residence and the employer's establishment for—

(i) *at least* three nights per month on average during the preceding 12 months and who normally works on—

(aa) not more than five days in a week, 20 consecutive work-days;

(ab) more than five days in a week, 24 consecutive work-days:

(ii) *less than* three nights per month on average during the preceding 12 months and who normally works on—

(aa) not more than five days in a week, 15 consecutive work-days;

(ab) more than five days in a week, 18 consecutive work-days:

Provided that an employee who before this determination became binding had been entitled to a longer period of annual leave than that prescribed in subparagraph (ii), shall retain the right to such leave while employed by the same employer;

(b) *a security guard and a watchman* whose ordinary hours of work—

(i) *exceeds 48* in a week and who normally works on—

(aa) not more than five days in a week, 20 consecutive work-days;

(ab) more than five days in a week, 24 consecutive work-days;

(ii) *do not exceed 48* in a week and who normally works on—

(aa) not more than five days in a week, 15 consecutive work-days;

(ab) more than five days in a week, 18 consecutive work-days;

(c) *any other class of employee* who normally works on—

(i) not more than five days in a week, 15 consecutive work-days;

(ii) more than five days in a week, 18 consecutive work-days.

(2) The employer shall pay his employee in respect of the leave prescribed in subclause (1), in the case of an employee referred to in—

(a) subclause (1) (a) (i) or (1) (b) (i), an amount of not less than four times,

(b) subclause (1) (a) (ii), (1) (b) (ii) or (1) (c), an amount of not less than three times,

(b) Subklousule (2), (3), (4) en (5) is nie op 'n werknemer terwyl hy noodwerk verrig, van toepassing nie.

(c) Subklousules (2) en (3) is nie op 'n sekuriteitswag of 'n wag van toepassing nie: Met dien verstande dat indien 'n etenspouse aan so 'n werknemer toegestaan word, is die tyd deur sodanige pouse in beslag geneem geag word tyd te wees wat hy gewerk het.

(d) Subklousule (3) is nie op 'n drywer of 'n werknemer wat sodanige drywer op die voertuig bystaan van toepassing nie.

(e) Subklousules (2), (3), (4), (5) en (6) is nie op 'n werknemer wat volgens 'n ooreenkoms kragtens klousule 9 (2) besoldig word van toepassing nie.

### 6. JAARLIKSE VERLOF

(1) Behoudens subklousule (3), moet 'n werkgewer aan sy werknemer, uitgesonderd 'n los werknemer, ten opsigte van elke voltooide tydperk van 12 maande diens by die werkgewer soos volg verlof verleen en moet die werknemer soos volg verlof neem:

(1) *Stukwerk.*—(a) 'n Werkgewer kan wanneer hy 'n werknemer in diens neem of, indien die werknemer reeds in sy diens is, nadat hy hom minstens een week kennis gegee het, enige stukwerkstelsel invoer en sodanige werkgewer moet, behoudens klousule 4 (6), sy werknemer wat volgens sodanige stukwerkstelsel werk, besoldig teen minstens die loon by klousule 3 (1) vir 'n werknemer van sy klas en ondervinding voorgeskryf, plus die tariewe wat kragtens sodanige stelsel van toepassing is: Met dien verstande dat die werkgewer, ongeag die hoeveelheid werk wat verrig is, 'n los werknemer ten opsigte van elke dag waarop stukwerk verrig word, minstens die bedrag betaal wat die werkgewer sodanige werknemer vir daardie dag sou moes betaal het as hy hom 'n tydloon betaal het.

(b) An employer shall keep posted up in a conspicuous place in his establishment a schedule reflecting the rates referred to in paragraph (a) or he may in lieu thereof supply every employee engaged on piece-work with a letter signed by himself, or on his behalf, setting out the said rates.

(c) An employer shall not require or permit an employee to undertake any work for him solely on a piece-work basis. Any amount payable to an employee in terms of paragraph (a) shall be aside from and in addition to his wage, which shall not be less than the wage prescribed in clause 3 (1) for an employee of his class and experience.

(d) An employer who intends to cancel or amend any piecework system in operation, or the rates applicable thereunder shall give his employee not less than one month's notice of such intention: Provided that an employer and his employee may agree on a longer period of notice, in which case the employer shall give notice for a period not shorter than that agreed upon: Provided further that an employer need not give a casual employee notice of his intention to introduce any piece-work system or to cancel or amend it.

(2) *Commission work.*—(a) An employee who by agreement with his employer undertakes commission work on a regular basis shall be supplied by his employer, before such work is commenced, with a true copy of the agreement or a statement setting out the terms of the agreement, which shall include—

(i) the wage payable to the employee, which shall not be less than the wage prescribed in clause 3 (1) for an employee of his class and experience, the rate of the commission and the conditions of entitlement thereto;

(ii) the day of the week or month on which commission earned is due and payable;

(iii) the type, description, number, quantity or value of sales or orders (individual, weekly, monthly or otherwise) which the employer is from time to time prepared to accept;

(iv) the day of payment of commission earned by the employee before termination of the contract of employment: Provided that such day of payment shall be not later than the last work-day of the month succeeding the month during which employment was terminated; and

(v) where applicable, the area in which the employee is required or permitted to work.

(b) Save as provided in clause 4 (6), an employer shall pay his employee at not less than the wage and rate of commission agreed upon between them.

(c) The employee's wage and commission shall be paid on the day stipulated in the agreement referred to in paragraph (a), and the provisions of clause 4 (1) shall not apply in respect of such payment.

(d) An employer shall not require or permit an employee to undertake any work for him on the basis of commission only. Any amount payable to an employee as commission under an agreement entered into in terms of paragraph (a) shall be aside from and in addition to the wage stipulated therein.

(e) An employer or an employee who intends to cancel or to negotiate for an alteration of an agreement in regard to commission work shall give written notice of such intention, and the period of such notice shall be not less than nor run concurrently with that required to terminate the contract of employment of such employee in terms of clause 13.

(b) 'n Werkgewer moet 'n lys wat die tariewe bedoel in paragraaf (a) weergee, op 'n opvallende plek in sy bedryfsinrigting opgeplak hou of hy kan in plaas daarvan elke werknemer wat stukwerk verrig, voorsien van 'n brief deur of namens hom onderteken waarin genoemde tariewe uiteengesit is.

(c) 'n Werkgewer mag nie van 'n werknemer vereis of hom toelaat om werk vir hom te onderneem uitsluitlik op 'n stukwerkgrondslag nie. Enige bedrag wat ingevolge paragraaf (a) aan 'n werknemer betaal moet word, is afgesien en bykomend by sy loon, wat minstens die loon moet wees wat by klousule 3 (1) vir 'n werknemer van sy klas en ondervinding voorgeskryf word.

(d) 'n Werkgewer wat voornemens is om 'n bestaande stukwerkstelsel of die tariewe wat daarkragtens van toepassing is, af te skaf of te wysig, moet sy werknemer minstens een maand kennis van sodanige voorneme gee: Met dien verstande dat 'n werkgewer en sy werknemer oor 'n langer kennisgewingstermyn ooreen kan kom, in welke geval die werkgewer nie vir 'n korter termyn as dié waaroor daar ooreengekom is, kennis mag gee nie: Met dien verstande voorts dat 'n werkgewer nie aan 'n los werknemer kennis hoef te gee van sy voorneme om 'n stukwerkstelsel in te voer, af te skaf of te wysig nie.

(2) *Kommissiewerk.*—(a) 'n Werknemer wat kragtens 'n ooreenkoms met sy werkgewer kommissiewerk op 'n gereelde grondslag onderneem, moet voordat sodanige werk begin, deur sy werkgewer voorsien word van 'n ware afskrif van die ooreenkoms of 'n verklaring waarin die bepalings van die ooreenkoms uiteengesit word, wat die volgende moet insluit:

(i) Die loon aan die werknemer betaalbaar, wat minstens die loon moet wees wat by klousule 3 (1) vir 'n werknemer van sy klas en ondervinding voorgeskryf word, die kommissietarief en die voorwaardes waarop hy die reg daarop verkry;

(ii) die dag van die week of maand waarop die verdiende kommissie verskuldig en betaalbaar is;

(iii) die tipe, beskrywing, getal, hoeveelheid of waarde van verkope of bestellings (individueel, weekliks, maandeliks of hoe ook al) wat die werkgewer van tyd tot tyd bereid is om te aanvaar;

(iv) die betaaldag van kommissie wat die werknemer voor die beëindiging van die dienskontrak verdien het: Met dien verstande dat sodanige betaaldag uiterlik die laaste werkdag moet wees van die maand wat volg op die maand waarin die diens beëindig is; en

(v) waar van toepassing, die gebied waarin daar van die werknemer vereis word of hy toegelaat word om te werk.

(b) Behoudens klousule 4 (6), moet 'n werkgewer sy werknemer minstens die loon en kommissietarief waaroor hulle ooreengekom het, betaal.

(c) Die werknemer se loon en kommissie moet betaal word op die dag wat bepaal is in die ooreenkoms bedoel in paragraaf (a), en die bepalings van klousule 4 (1) is nie ten opsigte van sodanige betaling van toepassing nie.

(d) 'n Werkgewer mag nie van 'n werknemer vereis of hom toelaat om werk vir hom uitsluitlik op 'n kommissiegrondslag te onderneem nie. Enige bedrag wat aan 'n werknemer as kommissie betaal moet word ingevolge 'n ooreenkoms kragtens paragraaf (a) aangegaan, is afgesien van en bykomend by die loon daarin bepaal.

(e) 'n Werkgewer of 'n werknemer wat voornemens is om 'n ooreenkoms in verband met kommissiewerk op te sê of oor 'n wysiging daarvan te onderhandel, moet skriftelik van sodanige voorneme kennis gee en die termyn van sodanige kennisgewing mag nie korter wees nie as, en mag nie saamval nie met, die termyn wat ingevolge klousule 13 vir die beëindiging van die dienskontrak van sodanige werknemer vereis word.

## 10. RATIO

(1) An employer shall not employ a learner unless he has in his employ a qualified employee of the same class and for each such qualified employee in his employ he shall not employ more than three such learners: Provided that this subclause shall not apply to an employer for a period of four years calculated from the date he first commences operations in any area in which this determination applies, but this proviso shall not apply where he commences operations as the result of a takeover by him, by purchase or otherwise, of an existing establishment in such area.

(2) For the purpose of this clause—

(a) an employer or a manager who is wholly or mainly engaged in the work of any particular class of employee may be deemed to be a qualified employee in such class;

(b) a learner who is receiving a wage of not less than the wage prescribed for a qualified employee of his class may be deemed to be a qualified employee in that class.

## 11. PROHIBITION OF EMPLOYMENT

An employer shall not—

(1) employ any person under the age of 15 years;

(2) require or permit any female employee to work during the period commencing four weeks prior to the expected date of her confinement and ending eight weeks after the date of her confinement.

## 12. UNIFORMS, OVERALLS AND PROTECTIVE CLOTHING

(1) An employer shall supply, free of charge, any uniform, overall, gumboots, cap or other protective clothing which he is required by any law to provide to his employee or which his employee is required by any law to wear.

(2) An employer to whom subclause (1) does not apply but who nevertheless, explicitly or implicitly, requires his employee to wear any such protective clothing shall supply it free of charge.

(3) Any such protective clothing which has been provided to an employee free of charge shall remain the property of the employer.

## 13. TERMINATION OF CONTRACT OF EMPLOYMENT

(1) Notwithstanding clause 3 (2), an employer or his employee, other than a casual employee, who desires to terminate the contract of employment, shall give—

(a) during the first four weeks of employment, not less than one work-day's notice;

(b) after the first four weeks of employment, not less than one week's notice,

of termination of contract, which shall be in writing except when given by an employee who is unable to write, or an employer or employee may terminate the contract without notice by paying the employee or paying the employer, as the case may be, in lieu of such notice not less than, in the case of—

(i) one work-day's notice, the daily wage the employee is receiving at the time of such termination;

(ii) one week's notice, the weekly wage the employee is receiving at the time of such termination:

Provided that this shall not affect—

(aa) the right of an employer or his employee to terminate the contract without notice for any cause recognised by law as sufficient;

## 10. GETALSVERHOUDING

(1) 'n Werkgewer mag nie 'n leerling in diens neem nie tensy hy 'n gekwalifiseerde werknemer van dieselfde klas in diens het en vir elke sodanige gekwalifiseerde werknemer in sy diens mag hy hoogstens drie sodanige leerlinge in diens neem: Met dien verstande dat hierdie subklousule nie van toepassing is nie op 'n werkgewer vir 'n tydperk van vier jaar bereken vanaf die datum waarop hy die eerste keer begin met werksaamhede in enige gebied waarin hierdie vasstelling van toepassing is, maar hierdie voorbehoudsbepaling is nie van toepassing nie waar hy met werksaamhede begin as gevolg van 'n oorname deur hom deur die koop of andersins, van 'n bestaande bedryfsinrigting in sodanige gebied.

(2) By die toepassing van hierdie klousule—

(a) kan 'n werkgewer of 'n bestuurder wat uitsluitlik of hoofsaaklik die werk van 'n bepaalde klas werknemer verrig, geag word 'n gekwalifiseerde werknemer in sodanige klas te wees;

(b) kan 'n leerling wat 'n loon ontvang van minstens die loon voorgeskryf vir 'n gekwalifiseerde werknemer van sy klas, geag word 'n gekwalifiseerde werknemer in daardie klas te wees.

## 11. VERBOD OP INDIENSNEMING

'n Werkgewer mag nie—

(1) iemand onder die ouderdom van 15 jaar in diens neem nie;

(2) van 'n vroulike werknemer vereis of haar toelaat om gedurende die tydperk wat vier weke voor die verwagte datum van haar bevalling begin en agt weke na die bevallingsdatum eindig, te werk nie.

## 12. UNIFORMS, OORPAKKE EN BESKERMENDE KLERE

(1) 'n Werkgewer moet enige uniform, oorpak, rubberstewels, pet of ander beskermende klere wat hy ingevolge enige wet verplig is om aan sy werknemer te verskaf of wat sy werknemer ingevolge enige wet verplig is om te dra, gratis verskaf.

(2) 'n Werkgewer op wie subklousule (1) nie van toepassing is nie, maar wat nogtans van sy werknemer vereis, hetsy uitdruklik of stilswygend, om enige sodanige beskermende klere te dra, moet dit gratis verskaf.

(3) Enige sodanige beskermende klere wat gratis aan 'n werknemer verskaf is, bly die eiendom van die werkgewer.

## 13. BEËINDIGING VAN DIENSKONTRAK

(1) Ondanks klousule 3 (2), moet 'n werkgewer of sy werknemer, uitgesonderd 'n los werknemer, wat die dienskontrak wil beëindig—

(a) gedurende die eerste vier weke diens, minstens een werkdag kennis;

(b) na die eerste vier weke diens, minstens een week kennis,

van die beëindiging van die kontrak gee, wat skriftelik gedoen moet word, uitgesonderd in die geval van 'n werknemer wat nie kan skryf nie, of kan 'n werkgewer of 'n werknemer die kontrak sonder kennisgewing beëindig deur, in plaas van sodanige kennisgewing, die werknemer of die werkgewer, na gelang van die geval, soos volg te betaal: In die geval van—

(i) een werkdag kennisgewing, minstens die dagloon wat die werknemer ten tyde van sodanige beëindiging ontvang;

(ii) een week kennisgewing, minstens die weekloon wat die werknemer ten tyde van sodanige beëindiging ontvang:

Met dien verstande dat—

(aa) die reg van 'n werkgewer of sy werknemer om die kontrak op 'n regsgeldige grond sonder kennisgewing te beëindig;

(ab) any written agreement between an employer and his employee which provides for a period of notice of equal duration on both sides and for longer than that prescribed in this clause;

(ac) the operation of any forfeitures or penalties which are by law applicable in respect of an employee who deserts:

Provided further that payment in lieu of notice shall not be permitted during the absence of an employee—

(i) on leave in terms of clause 6;

(ii) on sick leave in terms of clause 7 (1);

(iii) owing to incapacity in the circumstances set out in clause 7 (4) (a) or (b),

amounting in the aggregate to not more than 15 weeks in any period of 12 months;

(iv) on military sevice, except where an employee otherwise requests and his employer agrees thereto in writing:

Provided further that where the wage of an employee at the date of termination has been reduced by deductions in respect of short-time, the expression "is receiving at the time of such termination" shall, when an employer pays an employee in lieu of notice, be deemed to mean "would have received at the time of such termination had no deduction been made in respect of short-time".

(2) Where there is an agreement in terms of proviso (ab) to subclause (1), the payment in lieu of notice shall be commensurate with the period of notice agreed upon.

(3) The notice prescribed in subclause (1) shall be given on a work-day: Provided that the period of notice shall not run concurrently with nor shall notice be given during an employee's absence—

(a) on leave in terms of clause 6;

(b) on sick leave in terms of clause 7 (1);

(c) owing to incapacity in the circumstances set out in clause 7 (4) (a) or (b).

amounting in the aggregate to not more than 15 weeks in a period of 12 months;

(d) on military service, except where an employee otherwise requests and his employer agrees thereto in writing.

(4) Notwithstanding anything to the contrary contained in this determination, where an employee terminates his contract of employment by leaving his employment without having given and served the required period of notice or without paying his employer in lieu of notice, his employer may appropriate to himself, from any moneys which he owes to such employee by virtue of any provisions of this determination, an amount of not more than that which such employee would have had to pay him in lieu of notice: Provided that this subclause shall not apply where the employer had waived the required period of notice or if in failing to give and serve the notice the employee was acting within his legal rights.

### 14. CERTIFICATE OF SERVICE

Except where an employee deserts or where the employee is a casual employee, the employer shall, upon termination of any contract of employment, furnish the employee with a certificate of service substantially in the following form, showing the full names of the employer and of the employee, the class of the employee, the date of commencement and the date of termination of the contract and the wage of the employee on the date of such termination.

(ab) 'n skriftelike ooreenkoms tussen 'n werkgewer en sy werknemer waarin voorsiening gemaak word vir 'n kennisgewingstermyn wat vir beide partye ewe lank is en langer is as dié wat in hierdie klousule voorgeskryf word;

(ac) die werking van enige verbeurings of boetes wat by wet van toepassing is ten opsigte van 'n werknemer wat dros,

nie hierdeur geraak word nie:

Met dien verstande voorts dat betaling in plaas van kennisgewing nie toegelaat mag word nie gedurende 'n werknemer se afwesigheid—

(i) met verlof ingevolge klousule 6;

(ii) met siekteverlof ingevolge klousule 7 (1);

(iii) weens ongeskiktheid in die omstandighede uiteengesit in klousule 7 (4) (a) of (b),

wat altesaam hoogstens 15 weke in 'n tydperk van 12 maande beloop;

(iv) vir militêre diens, behalwe waar 'n werknemer anders versoek en sy werkgewer skriftelik daartoe instem:

Met dien verstande voorts dat waar die loon van 'n werknemer op die datum van die beëindiging verminder is deur aftrekkings ten opsigte van korttyd, die uitdrukking "ten tyde van sodanige beëindiging ontvang", wanneer 'n werkgewer 'n werknemer betaal in plaas van kennis te gee, geag word te beteken "ten tyde van sodanige beëindiging sou ontvang het as geen bedrag ten opsigte van korttyd afgetrek was nie".

(2) Waar daar 'n ooreenkoms ingevolge voorbehoudsbepaling (ab) van subklousule (1) bestaan, moet die betaling in plaas van kennisgewing eweredig wees aan die kennisgewingstermyn waaroor daar ooreengekom is.

(3) Die kennisgewing by subklousule (1) voorgeskryf, moet op 'n werkdag geskied: Met dien verstande dat die kennisgewingstermyn nie mag saamval nie met en kennis nie gegee mag word nie gedurende 'n werknemer se afwesigheid—

(a) met verlof ingevolge klousule 6;

(b) met siekteverlof ingevolge klousule 7 (1);

(c) weens ongeskiktheid in die omstandighede uiteengesit in klousule 7 (4) (a) of (b).

wat altesaam hoogstens 15 weke in 'n tydperk van 12 maande beloop;

(d) vir militêre diens, behalwe waar 'n werknemer anders versoek en sy werkgewer skriftelik daartoe instem.

(4) Ondanks andersluidende bepalings in hierdie vasstelling, kan 'n werkgewer, waar sy werknemer sy dienskontrak beëindig deur sy diens te verlaat sonder om die vereiste termyn kennis te gee en uit te dien of sonder om sy werkgewer te betaal in plaas van kennis te gee, hom uit enige gelde wat hy sodanige werknemer uit hoofde van enige bepalings van hierdie vasstelling skuld, 'n bedrag toe-eien van hoogstens dit wat sodanige werknemer hom sou moes betaal het in plaas van kennis te gee: Met dien verstande dat hierdie subklousule nie geld nie waar die werkgewer van die vereiste kennisgewingstermyn afgesien het of indien die werknemer by versuim om die termyn kennis te gee en uit te dien, binne sy wetlike regte gehandel het.

### 14. DIENSSERTIFIKAAT

Behalwe waar 'n werknemer dros of waar die werknemer 'n los werknemer is, moet die werkgewer by beëindiging van 'n dienskontrak die werknemer van 'n dienssertifikaat wat wesenlik onderstaande vorm het, voorsien waarin die volle name van die werkgewer en van die werknemer, die klas van die werknemer, die aanvangsdatum en die datum van beëindiging van die kontrak en die loon van die werknemer op die datum van sodanige beëindiging vermeld word.

CERTIFICATE OF SERVICE

I .....
carrying on business in the Clothing and Knitting Industry at
.....
hereby certify that..... Identity No.....
was employed by me from the.....day of.....19.....
to the.....day of.....19..... as (*).....
.....

At the termination of employment this employee's wage was R.....

.....
*Signature of employer or authorised representative*

Date .....

(*) State class in which employee was wholly or mainly engaged, e.g. clerk, machinist, etc.

**15. ATTENDANCE REGISTER**

(1) An employer shall provide in his establishment an attendance register substantially in the following form, in which he shall record in ink or indelible pencil the name and class of each of his employees, and if such employee is unable to write his employer shall on his behalf for each day worked and for that day make the necessary entries in respect of items (i) to (vi) inclusive of subclause (3) (a), and sign such entries in the presence of a person nominated by the employee.

DIENSSERTIFIKAAT

Ek, .....,
wat as werkgewer in die Klerasie- en Breinywerheid sake doen te .....
verklaar hierby dat....., Identiteitsnommer .....
....., in my diens was van die.....dag van
..... 19..... tot die .....dag van .....
19..... as (*).....

By diensbeëindiging was hierdie werknemer se loon R .....

.....
*Handtekening van werkgewer of gemagtigde verteenwoordiger*

Datum .....

(*) Meld die klas waarin die werknemer uitsluitlik of hoofsaaklik in diens was, bv. klerk, masjienwerker, ens.

**15. BYWONINGSREGISTER**

(1) 'n Werkgewer moet in sy bedryfsinrigting 'n bywoningsregister wat wesenlik onderstaande vorm het, voorsien waarin hy met ink of inkpotlood die naam en klas van elk van sy werknemers moet aanteken, en indien sodanige werknemer nie kan skryf nie, moet sy werkgewer namens hom vir elke dag wat hy gewerk het en vir daardie dag die nodige inskrywings doen ten opsigte van items (i) tot en met (vi) van subklousule (3) (a) en sodanige inskrywings onderteken in die teenwoordigheid van 'n persoon wat deur die werknemer aangewys is.

## ATTENDANCE REGISTER

.....
*(Name of employee)*

.....
*(Class of employee)*

Year .....

Month .....

| Date | Day of week | Entries to be made by employee: Time of commencing work | Intervals off work: Off | On | Off | On | Off | On | Time of finishing work | Overtime worked: On | Off | Total number of hours: Each day | Each week | Remarks (if any): Signature | By employee | By employer, if employee was absent. Reasons for his absence (to be signed by employer) | By inspector |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 2 | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 3 | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 4 | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 5 | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 6 | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 7 | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 8 | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 9 | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 10 | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 11 | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 12 | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 13 | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 14 | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 15 | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 16 | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 17 | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 18 | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 19 | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 20 | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 21 | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 22 | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 23 | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 24 | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 25 | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 26 | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 27 | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 28 | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 29 | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 30 | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 31 | | | | | | | | | | | | | | | | | |

*Note.*—Under heading "Off" and "On" in column referring to "intervals off work" insert time when interval commences and time when work is resumed. An employee is deemed to be at work for any interval in his work if the employee is not free to leave the establishment for the whole of the interval.

## BYWONINGSREGISTER

.....
*(Naam van werknemer)*

.....
*(Klas van werknemer)*

Jaar.....

Maand.....

| Datum | Dag van week | Inskrywings moet deur werknemer gedoen word: Tyd waarop werk begin word | Werkpouses | | | | | | Tyd waarop werk beëindig word | Oortyd gewerk | | Totale getal ure | | Opmerkings (as daar is): Handtekening | Deur werknemer | Deur werkgewer as werknemer afwesig was. Redes vir sy afwesigheid (moet deur werkgewer onderteken word) | Deur inspekteur |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | Van | Tot | Van | Tot | Van | Tot | | Van | Tot | Elke dag | Elke week | | | | |
| 1 | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 2 | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 3 | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 4 | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 5 | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 6 | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 7 | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 8 | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 9 | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 10 | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 11 | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 12 | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 13 | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 14 | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 15 | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 16 | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 17 | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 18 | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 19 | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 20 | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 21 | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 22 | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 23 | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 24 | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 25 | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 26 | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 27 | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 28 | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 29 | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 30 | | | | | | | | | | | | | | | | | |
| 31 | | | | | | | | | | | | | | | | | |

*Opmerking.*—Onder die opskrif "Van" en "Tot" in die kolom "Werkpouses", voeg in tyd wanneer pouse begin en tyd wanneer werk hervat word. 'n Werknemer word geag by die werk te wees vir enige pouse in sy werk indien dit die werknemer nie vrystaan om die bedryfsinrigting vir die hele pouse te verlaat nie.

(2) An employer may, instead of an attendance register, provide a semi-automatic time recorder together with the necessary cards, which shall be as nearly as practicable in the following form, and supply to each employee such a card indicating the name or number of the employee and the date of termination of the week in respect of which it is to be used.

No. ..... Name and class of employee.....

Week ended..... 19.....

| Day | In | Out | In | Out | Total |
|---|---|---|---|---|---|
| Sunday | : | : | : | : | : |
| Monday | : | : | : | : | : |
| Tuesday | : | : | : | : | : |
| Wednesday | : | : | : | : | : |
| Thursday | : | : | : | : | : |
| Friday | : | : | : | : | : |
| Saturday | : | : | : | : | : |

(3) Unless prevented from doing so by unavoidable cause, an employee shall in respect of each day worked by him and on that day—

(a) record in ink or indelible pencil in the attendance register referred to in subclause (1)—

(i) the day of the week;

(ii) the time he commenced work;

(iii) the time of commencement and termination of all meal or other intervals which are not reckonable as ordinary hours of work;

(iv) the time of finishing work for the day;

(v) the time of commencement and termination of overtime worked for the day;

(vi) the total number of hours worked for the day; and

(vii) his signature;

(b) in an establishment where a semi-automatic time recorder is provided, make an entry by means of such recorder on a card supplied in terms of subclause (2) to show the following:

(i) The time he commenced work;

(ii) the time of commencement and termination of all meal or other intervals which are not reckonable as ordinary hours of work; and

(iii) the time of finishing work for the day.

(4) An employer shall retain the attendance register referred to in subclause (1) or the cards referred to in subclause (2), as the case may be, for a period of not less than three years after the date of the last entry therein or thereon.

(5) This clause shall not apply to—

(a) an employee who is excluded from the hours of work provisions by virtue of clause 5 (7) (a);

(b) a driver or an employee accompanying such driver.

(2) 'n Werkgewer kan in plaas van 'n bywoningsregister 'n halfoutomatiese tydregistreerder tesame met die nodige kaarte, wat so na doenlik onderstaande vorm het, verskaf en elke werknemer voorsien van so 'n kaart met die naam of nommer van die werknemer daarop asook die datum van die einde van die week ten opsigte waarvan die kaart gebruik moet word.

No. ..... Naam en klas van werknemer.....

Week geëindig..... 19.....

| Dag | In | Uit | In | Uit | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|
| Sondag | : | : | : | : | : |
| Maandag | : | : | : | : | : |
| Dinsdag | : | : | : | : | : |
| Woensdag | : | : | : | : | : |
| Donderdag | : | : | : | : | : |
| Vrydag | : | : | : | : | : |
| Saterdag | : | : | : | : | : |

(3) Tensy hy deur 'n onvermydelike oorsaak verhinder word om dit te doen, moet 'n werknemer ten opsigte van elke dag wat hy gewerk het en op daardie dag—

(a) met ink of inkpotlood die volgende in die bywoningsregister bedoel in subklousule (1) aanteken:

(i) Die dag van die week;

(ii) die tyd waarop hy begin werk het;

(iii) die tyd waarop alle etens- of ander pouses wat nie as gewone werkure gereken word nie, begin en geëindig het;

(iv) die tyd waarop werk vir die dag beëindig is;

(v) die tyd waarop oortyd gewerk vir die dag begin en beëindig is;

(vi) die totale getal ure gewerk vir die dag; en

(vii) sy handtekening;

(b) in 'n bedryfsinrigting waar 'n halfoutomatiese tydsregistreerder verskaf word, 'n inskrywing deur middel van sodanige registreerder doen op 'n kaart wat ingevolge subklousule (2) voorsien word en wat die volgende moet toon:

(i) Die tyd waarop hy begin werk het;

(ii) die tyd waarop alle etens- of ander pouses wat nie as gewone werkure gereken word nie, begin en geëindig het; en

(iii) die tyd waarp werk vir die dag beëindig is.

(4) 'n Werkgewer moet die bywoningsregister in subklousule (1) bedoel of die kaarte in subklousule (2) bedoel, na gelang van die geval, bewaar vir 'n tydperk van minstens drie jaar na die datum van die laaste inskrywing daarin of daarop.

(5) Hierdie klousule is nie van toepassing nie op—

(a) 'n werknemer wat uit hoofde van klousule 5 (7) (a) van die werkurebepalings uitgesluit word; en

(b) 'n drywer of 'n werknemer wat sodanige drywer vergesel.

**16. LOG-BOOK**

(1) An employer shall provide his driver with a log-book as nearly as practicable in the following form:

DAILY LOG

Name of employer .....

Name of driver .....

Date .....

Registration number of vehicle .....

Time of starting work .....

Time of finishing work .....

Number of hours worked .....

Meal interval from .....to .....

Particulars of any accident or delay .....

.....

Name(s) of employee(s) accompanying driver .....

.....

.....

*Signature of driver*

Date .....

(2) Every driver shall, in the log-book referred to in subclause (1), keep a daily log in duplicate in respect of each day's work and shall within 24 hours of the completion of the work to which it relates deliver a copy thereof to his employer and the employer shall retain such copy for a period of at least three years subsequent to such delivery.

(**Note:** In terms of section 18 of the Wage Act, 1957, the Wage Determination in the above Schedule supersedes Wage Determination 441; published under Government Notice No. R. 2463 of 9 November 1984, as amended by Government Notice No. R. 1281 of 1 July 1988.)

**16. LOGBOEK**

(1) 'n Werkgewer moet sy drywer voorsien van 'n logboek wat so na doenlik die volgende vorm het:

DAAGLIKSE LOG

Naam van werkgewer .....

Naam van drywer .....

Datum .....

Registrasienommer van voertuig .....

Tyd waarop werk begin word .....

Tyd waarop werk beëindig word .....

Getal ure gewerk .....

Etenspouse van .....tot .....

Besonderhede van enige ongeluk of vertraging .....

.....

.....

Naam(name) van werknemer(s) wat drywer vergesel .....

.....

.....

*Handtekening van drywer*

Datum .....

(2) Elke drywer moet in die logboek bedoel in subklousule (1), 'n daaglikse log in tweevoud hou ten opsigte van elke dag se werk en moet binne 24 uur na voltooiing van die werk waarop dit betrekking het, 'n kopie daarvan aan sy werkgewer lewer en die werkgewer moet sodanige kopie vir 'n tydperk van minstens drie jaar na sodanige lewering bewaar.

(**Kennisgewing:** Kragtens artikel 18 van die Loonwet, 1957, vervang die Loonvasstelling in die bostaande Bylae Loonvasstelling 441, gepubliseer by Goewermentskennisgewing No. R. 2463 van 9 November 1984, soos gewysig by Goewermentskennisgewing No. R. 1281 van 1 Julie 1988.)


## PHYTOPHYLACTICA

This publication deals with plant pathology, mycology, microbiology, entomology, nematology, and other zoological plant pests. Four parts of the journal are published annually.

Contributions of scientific merit on agricultural research are invited for publication in this journal. Directions for the preparation of such contributions are obtainable from the Director, Agricultural Information, Private Bag X144, Pretoria, to whom all communications in connection with the journal should be addressed.

The journal is obtainable from the above-mentioned address at R10 plus GST per copy or R40 per annum, post free (Other countries R12,50 per copy or R50 per annum).

## PHYTOPHYLACTICA

Hierdie publikasie bevat artikels oor plantpatologie, mikologie, mikrobiologie, entomologie, nematologie en ander dierkundige plantplae. Vier dele van die tydskrif word per jaar gepubliseer.

Verdienstelike landboukundige bydraes van oorspronklike wetenskaplike navorsing word vir plasing in hierdie tydskrif verwelkom. Voorskrifte vir die opstel van sulke bydraes is verkrygbaar van die Direkteur, Landbou-inligting, Privaatsak X144, Pretoria, aan wie ook alle navrae in verband met die tydskrif gerig moet word.

Die tydskrif is verkrygbaar van bogenoemde adres teen R10 plus AVB per eksemplaar of R40 per jaar, posvry (Buitelands R12,50 per eksemplaar of R50 per jaar).

## IMPORTANT ANNOUNCEMENT

# *Closing times* ***PRIOR TO PUBLIC HOLIDAYS*** *for*

# LEGAL NOTICES
# GOVERNMENT NOTICES 1991

*The closing time is **15:00** sharp on the following days:*

- **21 March**, Thursday, for the issue of Thursday **28 March**
- **27 March**, Wednesday, for the issue of Friday **5 April**
- **25 April**, Thursday, for the issue of Friday **3 May**
- **2 May**, Thursday, for the issue of Friday **10 May**
- **23 May**, Thursday, for the issue of Thursday **30 May**
- **3 October**, Thursday, for the issue of Friday **11 October**
- **12 December**, Thursday, for the issue of Friday **20 December**
- **17 December**, Tuesday, for the issue of Friday **27 December**
- **19 December**, Thursday, for the issue of Friday **3 January**

**Late notices will be published in the subsequent issue. If, under special circumstances, a late notice is being accepted, a double tariff will be charged**

**The copy for a SEPARATE *Government Gazette* must be handed in not later than three calendar weeks before date of publication**

## BELANGRIKE AANKONDIGING

# *Sluitingstye* ***VOOR VAKANSIEDAE*** *vir*

# WETLIKE KENNISGEWINGS
# GOEWERMENTSKENNISGEWINGS 1991

*Die sluitingstyd is stiptelik **15:00** op die volgende dae:*

- **21 Maart**, Donderdag, vir die uitgawe van Donderdag **28 Maart**
- **27 Maart**, Woensdag, vir die uitgawe van Vrydag **5 April**
- **25 April**, Donderdag, vir die uitgawe van Vrydag **3 Mei**
- **2 Mei**, Donderdag, vir die uitgawe van Vrydag **10 Mei**
- **23 Mei**, Donderdag, vir die uitgawe van Donderdag **30 Mei**
- **3 Oktober**, Donderdag, vir die uitgawe van Vrydag **11 Oktober**
- **12 Desember**, Donderdag, vir die uitgawe van Vrydag **20 Desember**
- **17 Desember**, Dinsdag, vir die uitgawe van Vrydag **27 Desember**
- **19 Desember**, Donderdag, vir die uitgawe van Vrydag **3 Januarie**

**Laat kennisgewings sal in die daaropvolgende uitgawe geplaas word. Indien 'n laat kennisgewing wel, onder spesiale omstandighede, aanvaar word, sal 'n dubbeltarief gehef word**

**Wanneer 'n APARTE *Staatskoerant* verlang word moet die kopie drie kalenderweke voor publikasie ingedien word**

## CONTENTS


| No. | | Page No. | Gazette No. |
|---|---|---|---|
| | **GOVERNMENT NOTICE** | | |
| **Manpower, Department of** | | | |
| *Government Notice* | | | |
| R. 934 | Wage Act (5/1957): Wage Determination 471: Clothing and Knitting Industry, Republic of South Africa | 1 | 13197 |


## INHOUD


| No. | | Bladsy No. | Koerant No. |
|---|---|---|---|
| | **GOEWERMENTSKENNISGEWING** | | |
| **Mannekrag, Departement van** | | | |
| *Goewermentskennisgewing* | | | |
| R. 934 | Loonwet (5/1957): Loonvasstelling 471: Klerasie en Breinywerheid, Republiek van Suid-Afrika | 1 | 13197 |


Printed by and obtainable from the Government Printer, Bosman Street, Private Bag X85, Pretoria, 0001. Tel. 323-9731 × 260 or 269

Gedruk deur en verkrygbaar by die Staatsdrukker, Bosmanstraat, Privaatsak X85, Pretoria, 0001. Tel. 323-9731 × 260 of 269